



Outjo se goue stem P.4




Help Jezelle deur te skenk P.5

Mysteries of 067-lakes uncovered P.6




Calender of events P.8



**VRYDAG**

24 Maart 2023

Volg ons op Facebook (@067triangle)

Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

# oh!sixseven

central northern areas




# Geen groter hart vir diere

**Bubu's Animal Haven is 'n veilige tuiste vir 'ongewenste diere', soos die hawelose hond Benji wat chemoterapie kry en die swart kat Zia, wat ná jare by die DBV depressief begin raak het.**

Reni van der Mewe se verhaal met diere het lank gelede reeds begin, toe sy maar nog 'n klein, voorskoolse dogtertjie was.

"My ouers is na 'n troue genooi. Ek het in die hotel se agterplaas rondgewdaal en 'n klein, uitgeteerde swart katjie by die vullisdromme opgetel. Ek het haar heel aand van die troue se kos gevoer en sy is later die aand saam met ons terug plaas toe.

"Natuurlik het ek geweier om sonder haar in die kar te klim!" vertel Reni, wat sê haar lewe het nog altyd om diere gedraai. Dit het eindelik daartoe gelei dat sy besluit het om 'n diereversorgingsoord by Kamanjab te begin.

"Bubu's Animal Haven huisves 'n wye verskeidenheid diere – alles van huisdiere, plaasdiere en wilde diere. Heelwat van hulle is

### 'n Helpende hand

Die publiek kan 'n groot verskil maak deur bydraes vir Bubu's Animal Haven.

"Finansiële bydraes is welkom en noodsaaklik om materiaal te koop vir die bou van die kathuis, veeartsenykostes en die algemene versorging van die diere.

"Enige donasies in vorm van kos vir die diere is altyd ook welkom, asook benodighede vir die inrig van die kathuis," sê Reni.

**Besoek Bubu's Animal Haven se Facebook-blad of Instagram-profiel, of kontak vir Reni by 081 2727 427 of bubusanimalhaven@gmail.com.**






Vanaf bl. 1



Gansie is met baie swak bene gebore en kon nie loop nie. Daaglikse swem-oefeninge vir maande het haar volkome herstel.. FOTO'S VERSKAF

uit dorpe na ons toe gestuur omdat mense hulle nie meer wou hê of kon akkomodeer nie.

## 'n Tuiste vir haweloses

"Ons huisves weesdiertjies, sowel as beseerde, verwaarloosde en ongewenste diere en verskaf `n permanente tuiste vir hulle, vir solank as wat hulle lewe."

So vertel Reni, wat hierdie veilige hawe vir diere in die noordweste van die land, naby Kamanjab, gestig het.

"Ons het heelwat ou hoenders, ganse, duiwe, eende, papagaaie, konyne, tarentale, volstruise, honde, katte, bokke en beeste wat afgetree het of uit boerderye oorgeneem is en nou lewenslank versorg moet word.

"Dit is meestal diere wat hans grootgemaak is, of bejaarde of siek diere wat met baie tyd, liefde en onkostes gered is," vertel sy.

"Ek is gedurig besig om 'n weesdiertjie groot te maak en om iets te probeer red en sal nooit moed opgee op enige dier nie.

"Baie ongewenste diere en optel-voëltjies word gereeld na my toe gestuur. Mettertyd het my 'zoo' al hoe groter geraak, en het dit vir my finansieel moeilik begin raak om almal op eie koste te versorg.

"Ons het ook gereeld wilde diertjies wat wees of beseer is, wat ons behandel, grootmaak, rehabiliteer en weer vrylaat in die natuur, wanneer dit moontlik is."Waar moontlik, probeer ons ook om diere te laat regmaak, eienaars op te voed en die bose kringloop van ongewenste swangerskappe en verwaarloosde diere te help voorkom. Ons help ook om 'n goeie tuiste vir die onbeplande kleintjies te vind."

## Nie-winsgewende organisasie

Reni sê goeie vriende het haar gehelp met die administratiewe deel daarvan om 'n nie-winsgewende organisasie te stig.

"Ondersteuning en befondsing vanaf die publiek sou my in staat stel om meer diere te kan help en te huisves. Bubu's Animal Haven is amptelik in Desember 2021 gestig."

"Die naam Bubu kom van een van ons inwoners. Bubu was 'n wees babavoëltjie wat ek in Otjiwarongo gaan haal en grootgemaak het. Ons het eers gedink dis `n swaeltjie, maar Bubu het lang bene gehad en in 'n gevlekte Lyster ontaard. Bubu is steeds by ons," vertel sy.

Reni se dogters help haar met die versorging van die diere."My jonger dogter het 'n passie vir fotografie en neem al die fotos en video's van die diere wat ons op sosiale media met die publiek deel."

## Besonderse diere

"Verlede jaar het 'n baie besonderse hondjie oor ons pad gekom, Benji. Hy was verwaarloos en het in die veld rondgedwaal en probeer oorleef.

"Ons het eers gesukkel om hom te vang, hy was verskriklik bang. Gelukkig kon ons hom toe later met kos lok en huis toe bring."

`Reni sê sy het op sosiale media na sy eienaar gesoek, maar tevergeefs. "Hy het vining in my hart gekruip en ek was later bang iemand kontak my oor hom!

"Hy was sieklik, uitgeteer en vol bosluise. Ons het hom vir bosluiskoors en 'n infeksie behandel, toe die veearts vasstel dat hy kanker het. Hy het reeds twaalf chemoterapie-sessies agter die rug. Die kankergewas het kleiner geword, maar is steeds nie weg nie.

"Ons gaan hom nou eers drie maande laat rus voor ons weer met 'n opvolg chemo-essie begin, indien nodig," vertel Reni.

Sy sê Benji is besonders. "Hy het `n lieflike geaardheid en 'praat' met `n mens in sy taal, soos ek nog nooit 'n hond hoor praat het nie.

"Hy het soveel lewensvreugde en dankbaarheid. Hy het ou letsels op hom wat 'n teken is dat hy voorheen 'n baie moeilike lewe gehad het en mishandel is.

"Ons gee hom nou die beste versorging en lewe moontlik en liefde in oorvloed. Ons bid en hoop dat hy vining en volkome van die kanker kan herstel."

## Aftreeoord vir katte

"Project Cat House" is 'n projek waarmee Reni beoog om 'n tuiste te bied vir rondloop- en seniorkatte, wat al baie lank by DBV's wag.

"Swart katte word byvoorbeeld moeilik aangeneem.

"Ek het onlangs vir Zia vanaf Walvisbaai se DBV laat kom, nadat ek gehoor het dat sy depressief begin raak het. Sy het reeds twee en 'n halwe jaar daar gesit en tevergeefs gewag. Sy is my groot motivering agter die 'kathuis-projek'.

Boereverenigings • Farmerverein • Farmers Association

KALKFELD

FOLLOW US ON FACEBOOK

# Kalkfeld 2023 Agri Mega Day

FARM KLEIN OTJIKANGO OST
ON M63 OUTJO/KALKFELD ROAD
FLY-IN COORDINATES:
LAT: -20.5868
LONG: 16.1941

## FRIDAY, 14 APRIL:

EXHIBITIONS & DEMONSTRATIONS

## SATURDAY, 15 APRIL:

FAMILY DAY, FUN RUN & RIDE,
HORSE ENDURANCE RACE,
EXHIBITIONS & DEMONSTRATIONS
**GAME AUCTION**

STALLS, EXHIBITIONS, DEMONSTRATIONS, FOOD, REFRESHMENTS, BEER-GARDEN, ENTERTAINMENT & MUCH MORE...

**ENTRANCE:** N$ 50/PERSON (UNDER 12'S FREE)

**FOR INFORMATION & REGISTRATION:**
**+264 81 203 1773 / AGRI.MEGA.DAY@GMAIL.COM**

FabuPharm · KAAP AGRI NAMIBIA · FNB · Jakaranda · EKUNDI Farming & Transport · Du Preez Wild · Windhoek Tool Centre cc · Standard Bank · NEC Namibian Engineering Corporation · FPM · afridrones · CYMOT · Virbac · Hanssen · Novel Motor Company · Cherry Irrigation · agra · OMT · Bank Windhoek

# Outjo se goue stem

Outjo se 13-jarige Magdaleen Pretorius het vroeër vandeesmaand opslae gemaak toe sy as die wenner van die sangkompetisie Voice of Namibia Kidz in Windhoek weggestap het.



Magdel Pretorius (13) van Outjo is baie lief vir sing . FOTO'S VOICE OF NAMIBIA FACEBOOK-BLAD

"Dit voel so onwerklik en lekker, ek dink nie dit het al regtig deurgedring dat ek gewen het nie. Ek het dit glad nie verwag nie, daar was 'n klomp kinders wat baie goed kon sing."

Só gesels Outjo se 13-jarige Magdaleen Pretorius wat vroeër vandeesmaand opslae gemaak het toe sy as die wenner van die sangkompetisie Voice of Namibia Kidz in Windhoek weggestap het.

Volgens die eienaar van Voice of Namibia, Alinda Lu'Mar, is Magdaleen 'die volle pakket'. "Sy sing pragtig, maar is nederig. Sy is spontaan en het 'n natuurlike talent wat haar sang lieflik maak om na te luister!" het Alinda gesê.

Magdaleen vertel een van haar maats het aanvanklik na haar toe gekom en gevra of sy aan die kompetisie wil deelneem.

"Ek is baie lief vir sing. Ons sing baie graag in ons familie. Ek kry al sedert Oktober verlede jaar opleiding oor die internet by 'n tannie in Pretoria, Lynni du Toit. Tannie Lynni is oorspronklik van Windhoek," vertel sy.

Magdaleen het egter ook haar eie boerdery op hul plaas by Outjo.

"Vandat ek kan onthou, is ek lief vir diere. My pa, Koch Pretorius, is 'n boer en ek kyk baie op na hom. Ek het al hoenders vandat ek vyf is. My eerste twee hennetjies het ek as 'n geskenk van Oom Piet en Tannie Mariana Gouws (Oom Piet is nou die president van die NLU) gekry.

"Daarna het my oupa Piet van Zyl van Gochas vir my kappokies gegee – 'n haan en twee henne. Ek was baie lief vir hulle en was sommer baie in hulle hokke," vertel sy.

Magdeleen sê egter die belangrikste ding wat sy van die kompetisie geleer het, is dat "wen nie alles is nie en die vriendskappe wat jy smee, baie meer waardevol is."

Magdaleen sê sy hoop om nog geleenthede in die sangbedryf te kry sodat sy later in haar lewe 'n ingeligte besluit kan maak.

"Ek wil op die oomblik egter 'n veearts word, maar daar is nog baie tyd om daaroor te dink en te besluit.

Vir nou geniet ek dit in Privaatskool Moria met al my maats en alles wat ons hier kan doen," vertel sy.

Haar boodskap aan Outjo se jongmense?

"Doen waarvoor jy lief is. Ek dink waar daar 'n wil is, is daar 'n weg en op die platteland weet ons mos van planne maak. 'n Mens is nie spyt oor wat jy doen nie, jy is spyt oor wat jy nié doen nie," sê Magdaleen.

"As jy lief is vir sing, neem aan die Voice of Namibia deel. Dit is 'n baie lekker ervaring en jy maak baie meer maats."





# Skenk vir Jezelle se behandeling

Jezelle Yssel (née Rossouw), wat in Grootfontein op skool was en intussen naam gemaak het as 'n gewilde ontluikende Afrikaanse san-geres, is onlangs met lim-foomkanker gediagno-seer.

Daar is intussen 'n fondsinsameling begin om haar mediese onkoste te dek, wat ontsettend hoog is, terwyl sy dringend behandeling moet ontvang. Die kanker is in haar bloed, limfkliere, beenmurg en milt opgetel. Dit is egter behandelbaar.

Jezelle moet egter dringend met die behandeling begin om haar die beste hekans op herstel en 'n vol lewe te kan gee.

Die mikpunt is om sowat N$100 000 in te samel .

Donasies vir Jezelle kan gemaak word deur die BackaBuddy webwerf te besoek onder die skakel: https://www.backabuddy.co.za/jezelle-yssel-5546852509716854411.








oh!sixseven central northern areas

**This space can be yours for only N$340!**

- We reach more than 50 000 readers per Oh!SixSeven edition
- We can help with designing your advertisements and writing paid advertorials
- We also offer advertising space on our website and social media pages
- We can create a comprehensive, professional marketing plan for your business
- We keep our readers and your clients engaged with quality content

Facebook: 067triangle 085 743 0595 067triangle@gmail.com

# Dragon's Breath, Guinas and Harasib:


## Drone uncovered age old mysteries



Dragon's Breath, pictured with the drone Sunfish exploring its dark depths in 2019.



Lake Guinas.
PHOTOS Stone Aerospace



Dragon's Breath

**Apart from determining the depth of Dragon's Breath Cave for the first time, Stone Aerospace, a robotics company in Austin, Texas, also for the first time unraveled similar mysteries surrounding Lake Guinas and Harasib.**

Dragon's Breath Cave, situated on the farm Harasib close to Grootfontein and Tsumeb, recently made headlines after scientist revealed that they know its exact depth at last.

Scientist from Texas were for the first time able to established that it was 254 m deep using an underwater drone – making it the world's deepest and largest underground lake.

Up until their discovery, it was unknown exactly how deep the water was, as the deepest point the best of human divers were able to reach, was 132 m.

But, apart from determining the depth of Dragon's Breath Cave for the first time, Stone Aerospace, a robotics company in Austin, Texas, also for the first time unraveled similar mysteries surrounding Lake Guinas and Harasib, also situated in the same area.

### Guinas

After landing in Namibia in August 2019, the expedition's first stop was Lake Guinas, essentially a natural sinkhole created when a cave's ceiling crumbled.

Guinas's biggest mystery was that divers didn't know what the lake actually looked like beneath the surface. Due to its extreme depth and the dangers of underwater compression, human divers were forced to surface before reaching the bottom.

The maps produced by their underwater drone named Sunfish revealed that the cenote was shaped like an hourglass, extending nearly 1,000 feet long and 575 feet wide at the bottom, with a depth of 435 feet.

At Harasib, a jagged pit with a water-filled shaft beneath, scientists had to lower themselves and their equipment for more than 320 feet down the pit using winches and ropes.

Here Sunfish was also able to roam beyond the limitations of previous divers, mapping the shaft's complete structure for the first time. The drone discovered a sprawling corridor measuring 260 feet wide and roughly 330 feet high. Beyond that, it continued almost another 1,000 feet to the end of the giant chamber — at a depth of more than 800 feet underwater.

### Dragon's Breath Cave

"The world's best cave divers have been trying to [reach the] bottom [of] Dragon's Breath and [nearby caves] for 30 years," says Diana Siegel, the expedition's leader. "And they're just not getting there; it's too big."

Over the past decade, Siegel has worked as a field operations director for Stone Aerospace. Much of the company's work is dedicated to developing autonomous robots to help NASA explore our solar system, including robots and probes that could explore underneath the thick layers of ice covering solar system bodies like Europa (Jupiter's moon).

Rather than relying on GPS, radio or any external communication, the autonomous drone, dubbed Sunfish, uses a sonar mapping sensor to traverse uncharted territory — much like a bat uses echolocation.

The expedition team was hoping to see more than just the austere beauty of Namibia's subterranean caves; they wanted to use the remote locations as a testing ground for a new iteration of autonomous, underwater vehicle.



**Shortened from Discover Magazine (www.discovermagazine.com)**





# NORTHERN ARMS + AMMO

NORTHERN ARMS + AMMO GROOTFONTEIN

**GROOTFONTEIN -** P.O. Box 1185, Grootfontein, Namibia
26 Sam Nujoma Drive • Tel/Fax: +264 (0)67 - 243 469
E-mail: naa@iway.na

**RUNDU -** Shop 11 • Mangetti Mall • Tel/Fax: +264 (0)66 - 256 669

**YOUR ONE STOP HUNTING AND OUTDOOR SHOP**

# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




**27 March 2023**
Mid-term break ends

**29 March 2023**
U/13 Rugby trials Tsumeb

**1 April 2023**
Regional Athletics Grootfontein

**5 April 2023**
U/13 Rugby trials Otjiwarongo

**7 April 2023**
Good Friday

**10 April 2023**
Easter Monday

















